Nasionale inperkingstyd

Graad 4

Week 1: 20 April 2020 – 24 April 2020

Liewe Graad 4 – ouer(s)

Ons hoop dit gaan nog baie goed met almal en dat julle behoorlik uitgerus is en die tyd saam met julle families geniet. Aangesien die inperkingstyd verleng is, stuur ons van vandag af vir julle ‘n rooster met Kwartaal 2 se werk, wat julle daagliks met jul kinders moet behandel. Ons fokus hoofsaaklik op Wiskunde, Afrikaans en Engels, maar gee ook elke dag lees- en opsommingswerk vir ‘n spesifieke leervak (sien rooster). Ons wil graag die leerders bekend maak met die nuwe inhoud van elke vak. Die werk sal weekliks (elke Maandagoggend voor 09:00) beskikbaar wees en u kan Dinsdae, tussen 09:00 en 11:00 ‘n e-pos aan u klasonderwyser stuur indien u vrae oor die week se werk het.

Let wel:

- *Die werk tydens die inperkingstyd word nie in die leerders se Mikro werkboeke gedoen nie.*
- *Doen alle werk in ‘n dun lyntjies werkboek. U kan ‘n werkboek vir elke vak aanskaf of een werkboek in verskillende afdelings verdeel. U is ook welkom om die Wiskunde werk in hulle Wiskunde Huiswerkboek te doen.*
- *Ouers moet asseblief daagliks hul kinders se werk kontroleer en merk. Memorandums sal aan julle voorsien word.*
- *Alle fotos van handboekbladsye, video-verduidelikings, PowerPoints en YouTube-skakels sal vir julle aangestuur word.*

Hierdie is ‘n uitdagende tyd waarin ons almal hande moet vat, saam moet staan en probeer om positief te bly. Sterkte met die week en pas julself mooi op!

Vriendelike groete

Graad 4 - opvoeders

GRAAD 4

ROOSTER VIR INPERKINGSTYD - WEEK 1

Tyd	**Maandag** 20 April 2020	**Dinsdag** 21 April 2020	**Woensdag** 22 April 2020	**Donderdag** 23 April 2020	**Vrydag** 24 April 2020
08:00 – 09:30	Wiskunde	Wiskunde	Wiskunde	Wiskunde	Wiskunde
09:30 – 10:00	RUSTYD (POUSE)				
10:00 – 11:00	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans
11:00 – 12:00	English FAL / English HL (Juf Suzie)	English FAL / English HL (Juf Suzie)	English FAL / English HL (Juf Suzie)	English FAL / English HL (Juf Suzie)	English FAL / English HL (Juf Suzie)
12:00 – 13:00	RUSTYD (POUSE)				
13:00 – 15:00	NWT	SW: Geskiedenis	SW: Geografie	LV: PSW EN LV: Skeppende Kunste (Kuns)	LV: Uitvoerende Kunste (Sang)

Maak tyd om te WERK - dit is die *prys* van **sukses**

Maak tyd om te DINK - dit is die *bron* van **krag**

Maak tyd om te SPEEL - dit is die *geheim* van **ewige jeug**

Maak tyd om te LEES - dit is die *fontein* van **wysheid**

Maak tyd om VRIENDELIK te wees - dit is die *pad* na **geluk**

Maak tyd om om te LAG - dit is *musiek* vir die **siel**

Maak tyd vir GOD - dit is die *enigste* standhoudende **belegging**